KRITERIA VIR 2024 INSKRYWINGS

1. ALGEMENE INLIGTING

1.1. Alle kunstenaars met nuwe albums/liedjies/video's wat gedurende die twaalf maande tydperk tussen 1 April 2023 en 31 Maart 2024 uitgereik is, word uitgenooi om in te skryf.

1.2. Deur die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings (2023/254185/08) streef Pretoria FM daarna om in alle opsigte deursigtig en geloofwaardig te wees en in die beste belang van Afrikaanse musiek, liedjieskrywers, kunstenaars, vervaardigers en regisseurs op te tree.

1.3. Snitte kan ander tale insluit, maar moet oorwegend en primêr Afrikaans wees.

1.4. 'n Snit kan slegs in een genre ingeskryf word, naamlik "Ballade", of "Pop", of "Geestelik" of "Alternatief/ Rock" of "Kletsrym". Een snit kan dus nie in twee verskillende genres ingeskryf word nie.

1.5. Dieselfde snit kan nie in beide die "Instrumentale Kategorie" en "Klassieke Kategorie" ingeskryf word nie.

1.6. Dit is 'n nasionale toekenningsgeleentheid en is nie beperk tot inskrywings uit Pretoria of Gauteng nie.

1.7. Datum: Woensdag 18 September 2024 – Maak asb 'n aantekening van die datum.

1.8. Formaat: Gala-geleentheid by 3Ci in Pretoria

1.9. Navrae kan gerig word aan inskrywings@aitsas.co.za

1.10. Elke kunstenaar wat inskryf ontvang 'n uitnodiging na 'n formele glansgeleentheid waartydens die finaliste in die onderskeie kategorieë bekend gemaak word op **Dinsdag 23 Julie 2024**.

1.11. Elke finalis ontvang 'n uitnodiging vir 2 persone na die Aitsa-glansgeleentheid op **Woensdag 18 September 2024**, die fotogeleentheid vooraf op die rooi tapyt, asook toegang tot die VIP-area na afloop van die toekenningsgeleentheid. Spesiale reëlings sal met groepe getref word. Finaliste moet wel bevestig indien hulle die geleentheid gaan bywoon.

2. INSKRYWINGS

2.1. Alle kunstenaars kan inskryf, ongeag of hulle met 'n platemaatskappy geaffilieer is of nie.

2.2. Snitte kan ander tale insluit, maar moet oorwegend en primêr Afrikaans wees.

2.3. Die Aitsa Trust behou die reg voor om enige kunstenaar in die bedryf wat aan die voorgeskrewe vereistes voldoen by die kompetisie in te sluit, indien die kunstenaar teen die sluitingsdatum nie deur 'n platemaatskappy, hom- of haarself of onafhanklike verteenwoordiger ingeskryf is nie.

3. WENNERS

3.1. Al die wenners in die onderskeie kategorieë ontvang 'n unieke trofee wat deur 'n bekende beeldhouer ontwerp en vervaardig word.

3.2. In kategorieë waar 'n groep as wenner aangewys word, sal die groep 'n trofee ontvang.

4. BEPALINGS EN VOORWAARDES

4.1. Inskrywingsvorm

4.1.1. Een inskrywingsvorm per kunstenaar moet voltooi word. Kunstenaars mag in meer as een kategorie inskryf, maar word beperk tot drie inskrywings per kategorie. (Behalwe by "Vervaardiger van die Jaar" en "Liedjieskrywer van die Jaar" – verwys asb na die spesifieke kriteria).

4.1.2. Heruitreikings – 'n heropname van 'n bestaande snit en 'n totaal nuwe produksie, sal wel in ag geneem word, behalwe in "Album van die Jaar".

4.1.3. “Uitreikingsdatum” beteken die datum waarop die liedjie vir die eerste maal in die handel of op ‘n stromingsplatform vrygestel word, ongeag of dit slegs ‘n enkelsnit of as deel van ‘n album uitgereik was. Indien die liedjie vir die eerste maal as deel van ‘n album uitgereik word, is die uitreikingsdatum van die liedjie dieselfde as die uitreikingsdatum van die album. Indien die liedjie vir die eerste maal as ‘n enkelsnit bekendgestel word en daarna as deel van ‘n album ingesluit word, is die uitreikingsdatum die datum van uitreiking van die enkelsnit.

4.1.4. Indien die inligting op ‘n inskrywing foutief is, val dit in die diskresie van die Trust om die inligting te hersien.

4.1.5. Die beoordelingskomitee mag aan die Trust motiveer waarom ‘n snit nie aan sekere kriteria voldoen nie of na ‘n ander kategorie oorgeskuif moet word, maar die finale besluit berus by die Trust.

4.1.6. In geval waar ‘n inskrywing nie aan die kriteria, reëls en regulasies voldoen nie, val dit in die diskresie van die Trust om die inskrywing sonder enige kennisgewing, te diskwalifiseer.

4.1.7. Alle inskrywings moet saam met die inskrywingsvorm, elektronies beskikbaar gestel word.

Inskrywingsperiode en Inskrywingsfooie

4.1.8. Inskrywingsfooi: R150 vir elke inskrywing (nie per inskrywingsvorm nie, maar per inskrywing).

4.1.9. Sodra ons jou inskrywing ontvang het, sal ‘n faktuur uitgereik word vir die aantal inskrywings. Die inskrywing is slegs bevestig wanneer die volle betaling ontvang is. Die laaste datum vir betaling is 24 Mei 2024.

4.1.10. Indien die inskrywingsfooie nie voor 24 Mei 2024 vereffen is nie, sal die inskrywing/s outomaties gediskwalifiseer word en sal dit nie voorgelê word vir beoordeling nie.

4.1.11. Die inskrywingsperiode vir al die kategorieë open op 1 April 2024 en sluit om middernag op 13 Mei 2024.

4.1.12. Inskrywingsvorms is beskikbaar op Pretoria FM se webblad by www.pretoriafm.co.za. Voltooide inskrywings moet deurgestuur word na inskrywings@aitsas.co.za.

4.1.13. Geen fooie is terugbetaalbaar aan enige kunstenaar of groep wat inskryf, maar na afloop van die beoordeling nie as finalis aangewys word nie.

4.1.14. Geen fooie is terugbetaalbaar indien ‘n inskrywing na die sluitingsdatum onttrek word nie.

4.1.15. Geen fooie is terugbetaalbaar indien ‘n inskrywing reeds beoordeel is en deur die Trust gediskwalifiseer word, omdat dit nie aan die minimum kriteria voldoen nie.

4.1.16. Gelde sal slegs terugbetaal word aan ‘n kunstenaar of groep wat reeds hul faktuur vereffen het, indien daar nie genoeg inskrywings in die betrokke kategorie was om die kategorie te beoordeel nie.

4.1.17. Daar moet minstens drie inskrywings per kategorie wees om te kwalifiseer vir ‘n toekenning.

Beoordeling

4.1.18. ‘n Onafhanklike beoordelingskomitee word aangewys vir die beoordeling van die inskrywings. Die beoordelingsproses word gemonitor deur die Aitsa Trust se ouditeure, TGA Ouditeure.

4.1.19. Indien ‘n inskrywing om welke rede na afloop van die beoordeling onttrek of gediskwalifiseer word, sal daardie betrokke inskrywing vervang word met die naasbeste kunstenaar in dieselfde kategorie en as kategoriewenner aangewys word.

4.1.20. Indien twee inskrywings dieselfde toppunte behaal, sal albei inskrywings as wenner aangewys word.

4.1.21. Indien drie inskrywings dieselfde toppunte behaal, sal al drie inskrywings vir ‘n tweede rondte beoordeel word.

Beperkinge op musiek

4.1.22. Deur die inskrywingsvorm te voltooi, gee die kunstenaar toestemming dat sy/haar musiekvideo op Pretoria FM se sosiale media platforms gespeel mag word vir die werf van publieke stemme.

4.1.23. Platemaatskappye en kunstenaars moet alle beperkinge op hulle musiek op die inskrywingsvorm of in ‘n aparte e-pos bekend maak.

4.1.24. Publieke stemme kan ook in sekere kategorieë en waar aangedui, in ag geneem word wanneer toekennings gemaak word.

4.1.25. Al die kunstenaars wat inskrywings indien, moet bereid wees om die nodige musiekvideo's, foto's en/of beeldmateriaal op versoek van die Trust te voorsien.

4.1.26. Al die kunstenaars wat inskrywings indien, moet bereid wees om op versoek hul stromingsyfers vir 'n spesifieke tydperk op verskeie platforms beskikbaar te stel.

4.1.27. Die produksievervaardiger behou die reg voor om die klankbaan van die wenners volgens die wenlys te speel wanneer elke wenner aangekondig word.

Oudit

4.1.28. Alle beoordelingsyfers en publieke stemme word deur die ouditeure verwerk.

4.1.29. Die uitslag deur die ouditeure is finaal en geen korrespondensie sal daarna gevoer word nie.

4.1.30. Ouditverslae sal een week na afloop van die toekenningsgeleentheid beskikbaar wees vir enige persoon/persone wat in enige kategorie/kategorieë ingeskryf het om te besigtig. Indien die persoon aandring om die ouditverslae te sien, sal dit geskied by die kantore van Pretoria FM se regsverteenwoordiger en op onkoste van die persoon wat aansoek doen om die inligting na te gaan.

4.1.31. Die regsverteenwoordiger van Pretoria FM, die regsverteenwoordiger van die persoon wat die ouditverslae versoek, die ouditeur en die persoon wat die ouditverslae versoek, moet teenwoordig wees as getuies wanneer die verslae besigtig word. 'n Eed van Geheimhouding moet deur almal teenwoordig onderteken word.

4.1.32. Geen afskrif, kopie of foto van die ouditverslae sal aan enige persoon voorsien word nie en is slegs beskikbaar vir besigtiging.

Kategorieë en Kriteria

4.1.33. Alle snitte sal deur die beoordelingspaneel beoordeel word. Die diskresie berus by die Trust om snitte te diskwalifiseer wat grens aan swak smaak (bv. seks-, godslasterlike-, politieke-, rassistiese- of kru-taal, ens.)

4.1.34. Kunstenaars mag in een of meer van die volgende kategorieë inskryf:

	KATEGORIE	**KRITERIA**

1	**NUWELING VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.*
		• *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.*
		• *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.*
		• *Inskrywings sal beoordeel word op grond van:*
		  ○ *Artistiese vermoë*
		  ○ *Identiteit*
		  ○ *Produksiewaarde*
		  ○ *Vermaakwaarde*
		• *Kunstenaars wat in hierdie kategorie inskryf sou **nooit voorheen as individu of as deel van 'n groep** musiek in die handel vrygestel het nie (Afrikaans of Engels).*
		• *Alle genres van musiek kwalifiseer in hierdie kategorie.*

2	**GEESTELIKE LIEDJIE VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.*
		• *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.*
		• *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.*
		• *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:*
		  ○ *Artistieke vermoë*
		  ○ *Identiteit*
		  ○ *Produksiewaarde*
		  ○ *Vermaakwaarde*

3	**ALTERNATIEWE/ROCK LIEDJIE VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.* • *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* o *Artistieke vermoë* o *Identiteit* o *Produksiewaarde* o *Vermaakwaarde*
4	**KLETSRYM LIEDJIE VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.* • *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* o *Artistieke vermoë* o *Identiteit* o *Produksiewaarde* o *Vermaakwaarde*
5	**BOEREMUSIEK SNIT VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.* • *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Stromingsyfers kan hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* o *Artistieke vermoë* o *Identiteit* o *Produksiewaarde* o *Vermaakwaarde*
6	**INSTRUMENTALE SNIT VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke snit.* • *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Stromingsyfers kan hier in ag geneem word.* • *Elke snit dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* o *Artistieke vermoë* o *Identiteit* o *Produksiewaarde* o *Vermaakwaarde* • *Geen Boeremusiek- of Klassieke snitte sal in hierdie kategorie aanvaar word nie.*
7	**KLASSIEKE SNIT VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke snit.* • *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Stromingsyfers kan hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* o *Artistieke vermoë* o *Identiteit*

		○ *Produksiewaarde* ○ *Vermaakwaarde*
8	**BALLADE VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.* • *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* ○ *Artistieke vermoë* ○ *Identiteit* ○ *Produksiewaarde* ○ *Vermaakwaarde*
9	**POP LIEDJIE VAN DIE JAAR**	• *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titel/s van elke liedjie.* • *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde kunstenaar/s uitgevoer word.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* ○ *Artistieke vermoë* ○ *Identiteit* ○ *Produksiewaarde* ○ *Vermaakwaarde*
10	**MUSIEKVIDEO VAN DIE JAAR**	• *Verskaf die korrekte skakel na die video saam met die inskrywing.* • *Verskaf die korrekte titel van elke video.* • *Uitslag deur beoordelaars en stromingsyfers sal hier in ag geneem word.* • *Verskaf asb die besonderhede van die vervaardiger.* • *Elke musiekvideo dien as 'n aparte inskrywing. Slegs drie inskrywings per kunstenaar word toegelaat.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van:* ○ *Liedjiekeuse* ○ *Visuele Produksie: Regie, Inkleding, Kostuums en Grimering* ○ *Visuele Verwerking: Storielyn* ○ *Tegniese Vaardigheid: Beligting, Kamerawerk en Redigering* ○ *Vermaakwaarde* • *Enige Afrikaanse of instrumentale liedjie, ongeag in watter genre die musiek mag wees, kan in hierdie kategorie ingeskryf word.*
11	**LIEDJIESKRYWER VAN DIE JAAR**	• *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Liedjieskrywers kan meer as drie liedjies inskryf, maar word slegs beperk tot drie liedjies per kunstenaar.* • *Kommersiële sukses van die album of liedjie vorm nie deel van die kriteria nie.* • *Verskaf elke inskrywing se lirieke elektronies, met die korrekte titel.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde skrywer geskryf is.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* ○ *Lirieke* ○ *Melodie*

		○ *Struktuur* ○ *Identiteit* ○ *Vermaakwaarde*
12	**VERVAARDIGER VAN DIE JAAR**	• *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Verskaf musiek elektronies met die korrekte titels van elke liedjie.* • *Kommersiële sukses van die album of liedjie vorm nie deel van die kriteria nie.* • *Elke liedjie dien as 'n aparte inskrywing, ongeag of dit deur dieselfde vervaardiger vervaardig is.* • *Vervaardigers kan meer as drie liedjies inskryf, maar word slegs beperk tot drie liedjies per kunstenaar.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* ○ *Kunstenaar ID* ○ *Vokale Produksie* ○ *Musiekverwerking* ○ *Klankregisseur se vaardigheid* ○ *Vermaakwaarde* • *Hierdie kategorie is oop vir onafhanklike vervaardigers, musikante wat as vervaardigers optree en kunstenaars wat hul eie werk vervaardig.*
13	**ALBUM VAN DIE JAAR**	• *Uitslag deur beoordelaars sal hier in ag geneem word.* • *Alle musiekgenres kwalifiseer vir Album van die Jaar.* • *Heruitreikings sal nie hier in ag geneem word nie.* • *Alle albums wat ingeskryf word moet 'n minimum van 10 snitte bevat, waarvan minstens 7 snitte Afrikaans moet wees (behalwe Instrumentale-, Klassieke en Boeremusiek albums).* • *Om vir hierdie kategorie in te skryf, word slegs bestaande Aitsa-inskrywings in ag geneem, d.w.s slegs kunstenaar of groepe wie se liedjies reeds vir kategorieë 1 tot 12 ingeskryf is en reeds aan die 2024-toekennings deelneem.* • *Inskrywings sal beoordeel word op grond van die:* ○ *Uitnemendheid* ○ *Kwaliteit* ○ *Produksie* ○ *Kreatiwiteit* ○ *Vermaakwaarde* • *'n Individuele kunstenaar, duet of groep kan hier as wenner aangewys word.*

4.1.35 Daar is geen inskrywings in die volgende kategorieë nie, maar daar word wel toekennings gemaak tydens die Toekenningsgeleentheid aan:

	Kategorie	**Kriteria**
14	**MyKunstenaar VOLGENS PUBLIEKE STEMME**	• *Alle inskrywings kom in aanmerking vir hierdie kategorie, behalwe Vervaardiger, Liedjieskrywer en Musiekvideo van die Jaar.* • *Slegs publieke stemme word hier in ag geneem.* • *'n Individuele kunstenaar, duet of groep kan hier as wenner aangewys word.* • *Kunstenaars ontvang op 10 Junie 2024 elkeen hul eie unieke Aitsa-ontwerp wat op sosiale media gedeel moet word om*

		vir hulself stemme te werf. Publieke stemme sluit op 12 Julie 2024. • *Top 12-kunstenaars met die meeste publieke stemme word bekend gemaak op 23 Julie 2024.* • *Rondte 2 vir die Top 12-kunstenaars open op 24 Julie 2024.* • *Die wenner met die meeste publieke stemme word by die Aitsa glansgeleentheid op 18 September 2024 aangewys.* • *Dieselfde kunstenaar kan nie twee agtereenvolgende jare as wenner in hierdie kategorie aangewys word nie.*
15	**AFRIKAANSE LIEDJIE VAN DIE JAAR**	• *Geen inskrywings nie.* • *Slegs stromingsyfers en beoordeling sal hier in ag geneem word.* • *'n Individuele kunstenaar, duet of groep kan hier as wenner aangewys word.*
16	**SUKSESVOLSTE SNIT VAN DIE JAAR: MANLIK**	• *Geen inskrywings nie.* • *Suksesvolste Afrikaanse snit van 'n manlike kunstenaar volgens stromingsyfers op aanlynplatforms soos o.a. Spotify, YouTube en Apple Music/iTunes.* • *Stromingsyfers van verskeie platforms kan op versoek van die Trust vir 'n spesifieke tydperk aangevra word.*
17	**SUKSESVOLSTE SNIT VAN DIE JAAR: VROULIK**	• *Geen inskrywings nie.* • *Suksesvolste Afrikaanse snit van 'n vroulike kunstenaar volgens stromingsyfers op aanlynplatforms soos o.a. Spotify, YouTube en Apple Music/iTunes.* • *Stromingsyfers van verskeie platforms kan op versoek van die Trust vir 'n spesifieke tydperk aangevra word.*

Enige navrae oor die Aitsa Afrikaanse Musiektoekennings kan gerig word aan inskrywings@aitsas.co.za.

Aitsa
TOEKENNINGS